No 10 - 2020] SECOND SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 4 JUNE 2020

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

Mr R D Mackenzie: The importance of preserving life whilst at the same time, preserving livelihoods in the economy.

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION**

1. Mr R D MacKenzie: That the House debates the importance of preserving life while at the same time preserving livelihoods in the economy.

2. Mr M K Sayed: That the House debates the high number of Western Cape schools that are not meeting the service level demanded by communities that they serve.

3. Mr M Xego: That the House debates the readiness of our schools in the Western Cape to operate during the COVID-19 pandemic.

4. Mr M K Sayed: That the House debates the so-called last-minute delivery of small quantities of coronavirus combatting equipment and sanitising chemicals to Western Cape schools.

5. Ms R Windvogel: That the House discusses the Western Cape's growing figures of COVID-19 infected people and mortalities that now represent two-thirds of all nine South African provinces put together.

6. Mr P Maran: That the House discusses the large number of coronavirus infections in factories, on farms and even in hospitals, where high concentrations of people aid the spread of this killer virus.

7. Ms N D Nkondlo: That the House calls for an urgent investigation into the varied prices paid by the different provincial departments for essential items (such as sanitisers, masks, gloves and cloth masks as part of the procurement of PPE), which raises serious questions of price hikes as similar items are sold at different prices.

8. Ms N D Nkondlo: That the House debates income inequality in the Western Cape.

9. Mr M K Sayed: That the House discusses the fact that the Western Cape Education Department makes up its own rules in dealing with the coronavirus pandemic and that this breeds insecurity.

10. Mr R D MacKenzie: That the House notes the haphazard decision-making of the National Coronavirus Command Council, the President and his Cabinet; further notes that we have seen a U-turn by the national government just yesterday when, after the Health Minister's presentation at a meeting of the National Council of Provinces (NCOP) this week indicated at the time that certain hotspots would remain at level 4 of the lockdown, the Presidency yesterday clarified that the entire country would move to level 3; further notes another example: the Minister of COGTA has consistently announced a ban of all tobacco products, while the President, when he previously addressed the nation, indicated that the ban would be lifted; and further notes how decisions and arbitrary restrictions are being implemented at the eleventh hour, which have a negative impact on provinces, on certain key industries and on citizens' civil liberties.

11. Ms L M Maseko: That the House congratulates the Hon Minister of Human Settlements and his Department for handing over 50 houses in the Forest Village provincial development; notes that this was the first handover since the start of the nationwide lockdown; and notes that the handover demonstrates this government's commitment to improving people's lives.

12. Mr M K Sayed: That the House notes that at least 104 schools were burgled and vandalised during the COVID-19 lockdown period; further notes that criminals invaded and plundered these institutions and possibly contaminated them; also notes that a large number of schools were invaded by gangs and homeless people due to broken or absent fences; and calls on the WCED to submit a proper plan to sanitise – and not only a sweep and dust – schools and to prioritise the erection of proper perimeter fencing.

13. Mr M K Sayed: That the House notes that the Western Cape has about 130 schools that are built with inappropriate material and that almost 60 of them are in the Cape metropolitan area; further notes that this inflates the backlog of the School Building Programme enormously; and calls on this DA-led government to build proper schools and to stop deceiving people.

14. Mr M K Sayed: That the House notes that at least a dozen state schools in the Western Cape reported COVID-19 problems on the first day of the gradual reopening on Monday; and further notes that many staff members and their families are infected, which proves that the provincial Department of Education is not ready to receive learners from Monday next week.

15. Mr M K Sayed: That the House notes that the Western Cape Education Department will soon leave poor schools in the lurch as they will have to cover the high costs to fight and reduce the spread of the coronavirus on their own; further notes that the WCED will only provide an initial supply of sanitiser and protective supplies and then expects schools to fend for themselves; and calls on the provincial government to adjust its budget urgently – or release the millions of rand stashed in other slush funds, like the notorious surrendered and unused revenue fund – in a manner that will provide more resources to poor schools in order to protect communities against the killer pandemic.

16. Ms P Z Lekker: That the House notes that the Western Cape Whip in the National Council of Provinces launched a scathing attack on a member or members of the national executive; further notes the application of double standards as the DA would never allow such an attack in this House; and calls on Honourable Cathy Labuschagné to declare her interests in the tobacco industry publicly and to reveal whether any company directly or indirectly supported her or her party at any given time.

17. Mr M K Sayed: That the House notes that it is only rich schools, mostly for the well-heeled in leafy areas, that seem to compete to have the best equipment and best chemicals to assist in the battle against the COVID-19 pandemic, while schools in the poorest areas have to be satisfied with the bare minimum that the Western Cape Education Department supplies while they suffer most.

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 4 JUNIE 2020

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

Mnr R D MacKenzie: Die belangrikheid van die beskerming van lewens, en die gelyktydige bewaring van broodwinning in die ekonomie.

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**VOORSTELLE MET KENNISGEWING**

1. Mnr R D MacKenzie: Dat die Huis die belangrikheid van die beskerming van lewens, en die gelyktydige bewaring van broodwinning in die ekonomie, debatteer.

2. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die hoë getal Wes-Kaapse skole wat nie voldoen aan die diensvlakvereistes wat gemeenskappe stel wat hulle bedien nie, debatteer.

3. Mnr M Xego: Dat die Huis die gereedheid van skole in die Wes-Kaap om tydens die COVID-19-pandemie oop te wees, debatteer.

4. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die sogenaamde aflewering op die nippertjie van klein hoeveelhede toerusting en reinigingschemikalieë by Wes-Kaapse skole om die koronavirus te bekamp, debatteer.

5. Me R Windvogel: Dat die Huis die Wes-Kaapse stygende getal COVID-19-geïnfekteerde mense en sterftes, wat nou tweederdes verteenwoordig van al nege Suid-Afrika se provinsies saamgevoeg, bespreek.

6. Mnr P Maran: Dat die Huis die groot getal koronavirusinfeksies by fabrieke, op plase en in hospitale, waar groot konsentrasies van mense die verspreiding van hierdie dodelike virus aanhelp, bespreek.

7. Me N D Nkondlo: Dat die Huis ’n beroep doen vir ’n dringende ondersoek na wisselende pryse wat deur verskillende provinsiale departemente vir noodsaaklike items (soos reinigingsmiddels, maskers, handskoene en lapmaskers as deel van die verkryging van persoonlike beskermingstoerusting of PPE) betaal is, wat ernstige vrae oor prysverhogings laat ontstaan aangesien soortgelyke items teen verskillende pryse verkoop is.

8. Me N D Nkondlo: Dat die Huis inkomste-ongelykheid in die Wes-Kaap debatteer.

9. Mnr M K Sayed: Dat die Huis die feit dat die Wes-Kaapse Onderwysdepartement sy eie reëls vir die hantering van die koronaviruspandemie, wat onsekerheid tot gevolg het, bespreek.

10. Mnr R D MacKenzie: Dat die Huis kennis neem van die lukrake besluitneming van die Nasionale Koronavirusbevelsraad, die President en sy kabinet; verder kennis neem dat ons net gister die nasionale regering se U-draai gesien het toe, nadat die Minister van Gesondheid se aanbieding by ’n vergadering van die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP) hierdie week op daardie tydstip aangedui het dat sekere brandpunte op vlak 4 van die inperkingstydperk sal bly, die Presidensie dit gister duidelik gemaak het dat die hele land na vlak 3 sal skuif; verder kennis neem van nog ’n voorbeeld: die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (COGTA) het konsekwent die verbanning van alle tabakprodukte aangekondig, terwyl die President, toe hy die nasie vantevore toegespreek het, aangedui het dat die verbod opgehef sou word; en verder kennis neem hoe besluite en arbitrêre beperkings ter elfder ure geïmplementeer word wat ’n negatiewe impak op provinsies, op sekere sleutelnywerhede en op burgers se burgerlike vryhede het.

11. Me L M Maseko: Dat die Huis die agbare Minister van Menslike Nedersettings en sy Departement gelukwens met die oorhandiging van 50 huise in die Forest Village-provinsiale ontwikkeling; kennis neem dat dit die eerste oorhandiging sedert die begin van die landswye inperking is; en kennis neem dat die oorhandiging hierdie regering se verbintenis tot die verbetering van mense se lewens aantoon.

12. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem dat ten minste 104 skole gedurende die COVID-19-inperkingstydperk beroof en gevandaliseer is; verder kennis neem dat misdadigers hierdie instellings beset, geplunder en moontlik ook gekontamineer het; ook kennis neem dat ’n groot getal skole deur bendes en hawelose mense beset is as gevolg van stukkende of afwesige heinings; en ’n beroep op die WKOD doen om ’n behoorlike plan in te dien om skole te reinig – nie net te vee en af te stof nie – en om die oprigting van grensheinings te prioritiseer.

13. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem dat die Wes-Kaap ongeveer 130 skole het wat met onvanpaste boumateriaal opgerig is, en dat bykans 60 van hierdie skole in die Kaapse metropolitaanse gebied is; verder kennis neem dat dit die agterstand van die Skoolbouprogram grootliks vermeerder; en ’n beroep op hierdie DA-geleide regering doen om behoorlike skole te bou en om op te hou om mense te mislei.

14. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem dat ten minste ’n dosyn staatskole in die Wes-Kaap Maandag COVID-19-probleme aangemeld het op die eerste dag van hul geleidelike heropening; en verder kennis neem dat talle personeellede en hul families geïnfekteer is, wat bewys dat die provinsiale Departement van Onderwys nie gereed is om leerders van volgende week en Maandag af te ontvang nie.

15. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem dat die Wes-Kaapse Onderwysdepartement binnekort arm skole in die steek sal laat aangesien hulle self verantwoordelik sal wees vir die hoë koste om die koronavirus te beveg en die verspreiding daarvan te verminder; verder kennis neem dat die WKOD net ’n aanvangsvoorraad reinigingsmiddel en beskermende benodigdhede sal verskaf en daarna van skole sal verwag om na hulself om te sien; en ’n beroep op die provinsiale regering doen om sy begroting dringend aan te pas – of miljoene rand uit ander omkoopfondse, soos die berugte fond vir oorgegewe en ongebruikte inkomste, beskikbaar te stel – op ’n manier wat meer hulpbronne aan arm skole beskikbaar sal stel ten einde gemeenskappe teen hierdie dodelike pandemie te beskerm.

16. Me P Z Lekker: Dat die Huis kennis neem dat die Wes-Kaapse Sweep in die Nasionale Raad van Provinsies ’n striemende aanval op ’n lid of lede van die nasionale uitvoerende gesag geloods het; verder kennis neem van die toepassing van dubbele standaarde aangesien die DA nooit só ’n aanval in hierdie Huis sou toelaat nie; en ’n beroep op agbare Cathy Labuschagné doen om haar belange in die tabakbedryf te openbaar en te onthul of enige maatskappy direk of indirek haar of haar party op enige gegewe tydstip ondersteun het.

17. Mnr M K Sayed: Dat die Huis kennis neem dat slegs ryk skole, wat meestal gegoede mense in lowerryke woongebiede bedien, in kompetisie blyk te wees om oor die beste toerusting en beste chemikalieë te beskik om te help met die stryd teen die COVID-19-pandemie, terwyl skole in die armste gebiede tevrede moet wees met die absolute minimum wat die Wes-Kaapse Onderwysdepartement verskaf terwyl die meeste koronavirusinfeksies by hulle voorkom.